Vader,
Seun,
en Heilige Gees!

Die Drie-eenheid van die Godheid.

'n Kort studie van die
Drie-eenheid
van die Godheid,
en 'n weerlegging van die
Een-Naam Leer.

Deur J. S. Labuschagne, B.A.

Vader, Seun, en Heilige Gees

'n Kort studie van die
Drie-eenheid
van die Godheid, en 'n weerlegging
van
die Een-Naam Leer.

Deur J. S. Labuschagne, B. A.

Verkrygbaar by:

Pinkster Publikasies - Posbus 184 - Benoni

VOORWOORD

Ons leef vandag in die tyd van misleiding. Dit is nie vir die sondaar nie, want hy kan nie mislei word nie omdat hy nog nooit reg geloop het met God nie. Hierdie misleiding is vir die gelowige Christen. Luister wat sê die Apostel Paulus in Efese 4: 14 - "sodat ons nie meer kinders mag wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke wind' van lering, deur die bedrieëry van die mense; deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring."

Welmenende mense word soms bedrieg deur die sluheid en listigheid van mense wat hulle tot dwaling wil bring. Hoeveel goeie Christene is nie in verwarring gebring deur hierdie mense nie? Hoor wat sê Paulus in Galate 1 : 8 - ••Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees." Hy sê ook in vers 7 ••... dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai."

Vandag gebruik die vyand godsdienstige mense om met die godheid te spekuleer en andere in die war te bring. Ons lees hiervan in 1 Tim. 4: 1, 2 - "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang." Hy verwys hier na godsdienstige mense. Ons vind dat hierdie skrif vandag in ons tyd waar geword het.

As gevolg hiervan het dit nodig geword dat 'n boekie soos hierdie in die hand van ons mense gesit moet word. Pastoor Labuschagne het hier 'n besondere duidelike en beknopte uiteensetting vir ons gegee. Daar kan natuurlik baie meer uitgewy word oor die onderwerp, maar vir ons alledaagse verwysing is dit 'n uitstekende werk.

Ek kan hierdie skrywe wat baie duidelik en absoluut oortuigend gestel is, by elke gelowige Christen aanbeveel. Dit is nie net 'n leesboek nie maar 'n verwysingsboek. U moet hierdie boekie altyd byderhand hê vir naslaan werk.

Ek wil dan ook vir pastoor Labuschagne hartlik bedank vir die besondere wyse waarop hy die onderwerp van 'die Drie-eenheid' hierin vir ons tuisbring. Ek is seker dat dit 'n rugsteen sal wees vir elke kind van die Here teen die dwaalleringe van sommige mense.

PASTOOR J. H. SNYMAN,
Federale Voorsitter van die Pinkster-Protestante-Kerk.

HOOFSTUK 1

Die Drie-eenheid van God

INLEIDING

Die Bybel is 'n progressiewe openbaring van God aan die mens, Sy wese, Sy karakter, Sy wil en Sy krag.

In die offerandes van die On Testament het ons die eenvoudige lesse waardeur God die mens wil voorberei om die uiteindelike offer te verstaan, naamlik Jesus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Al die Ou Testament offers vanaf die lofoffer, dank offer en die spysoffer tot by die sonde-offer is in Jesus Christus vervul.

Net so word die wese van die Godheid dwarsdeur die Bybel soos 'n ontluikende blom aan die mens ge-openbaar, totdat ons Hom uiteindelik sal sien soos Hy is.

Wat die karakter van God betref, is daar eweneens 'n verbasende ontplooiing deur die eeue heen ... In die Ou Testament het ons Hom leer ken as die Skepper-God, die getroue Verbonds-God en regverdige Regter-God wat die sonde nie ongestraf laat bly nie.

In die Nuwe Testament ontvou die kern van die goddelike blom met sy nektar van liefde. Die Immanuel-God openbaar Homself in Sy innige sondaars liefde.

As ons dus die wese van die Godheid wil begryp sal dit ons betaal om eers na die ten volle-ontluikte blom te kyk; dan sal ons beter verstaan wat die geheimsinnige knop inhou.

NA DIE OPSTANDING

Matt. 28: 18: "Aan my is gegee ALLE MAG in die hemel en op die aarde.'
1 Kor. 15: 27,28: "Hy (Jesus) het alles aan Sy voete onderwerp, maar

wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy (Die Vader) uitgesonder is wat alles aan Hom (die Vader) onderwerp het." "En wanneer alles aan Hom (Jesus) onderwerp is (uitgesonderd die Vader), sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een (die Vader) wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees."

AFLEIDING: Wanneer die einde dus gekom het, en Christus al sy vyande onder Sy voete gestel het, en die laaste vyand, die dood, vernietig het, dan sal Jesus die koninkryk oorhandig aan Sy Vader.

Dan is die verborgenheid van die Godheid volbring - die ewigheid het vir ons aangebreek.

IN DIE MILLENIUM

Wie regeer op die aarde in die duisendjarige vrederyk?
1. Jesus Christus. Openbaring 20:4.
2. Sy bloedgewastes.

Vr.: Waar is die Vader in dié tyd?
Antw.: In die hemel. Openb 5:7.
Vr.: Op wie se troon sit Hy (Jesus)?
Antw.: Die troon van Dawid.

In Sy Dood.

Vr.: Wie het na die doderyk neergedaal?
Antw.: Christus Jesus. 1 Pet 3:9.
Vr.: Wie het Hom uit die dode opgewek?
Antw.: Die Vader. 1 Kor 15:15 & 1 Pet 1:3.
Vr.: Deur watter krag is Hy opgewek?
Antw.: Deur die krag van die Heilige Gees. Rom 1:4 & 8:11.

In Sy Lyding

Vr.: Het die Seun 'n eie wil gehad?
Antw.: Ja, ... "Nie my wil nie, maar U wil geskied" Matt 26:39.
Vr.: Getuig dit van 'n aparte persoonlikheid?
Antw.: Ja. Geen een persoon kan twee wille hê nie.
Vr.: Wie se wil het Christus kom doen?
Antw.: "In die boekrol is dit van My geskrywe - om U wil te doen, o God." Heb 10:7.
Vr.: Wat was die wil van God?

Antw.: Joh. 3 :16. God het Sy Seun gegee om te sterwe vir die sondes van die wêreld,
Vr.: Getuig so 'n daad van twee persone?
Antw.: Ja. Die Gewer en die Gawe.
Vr.: As Vader en Seun een is in die sin van 'n absolute eenheid, dan het die Vader mos saam met die Seun gesterwe?
Antw.: Nee. Die Vader het die Seun verlaat omdat God nie met sonde vereenselwig kan word nie (Matt. 27:46), en 2 Kor. 5:21. sê dan dat Jesus sonde gemaak is; daarom die gebed: "My God, My God, waarom het U my verlaat?"
Vr.: Het Jesus Sy Vader aangespreek terwyl Hy aan die kruis gehang het?
Antw.: Ja. In Sy gebed: "Vader, vergewe hulle ... "
Vr.: In wie se hande het Jesus Sy Gees oorgegee?
Antw.: Die Vader syne - "Vader in u hande gee ;Ek my Gees." Luk. 23:46.
Vr.: Is hier sprake van meer as een persoon ?
Antw.: Ja. Die Een wat Sy gees OORGEE en die Een wat dit ONTVANG.
Vr.: Het Jesus dus 'n Gees, 'n siel (Matt. 26 :38) 'n liggaam en 'n wil?
Antw.: Ja.
Vr.: Het die Heilige Gees ook 'n eie wil?
Antw.: Ja. 1Kor. 12:11.

IN SY BEDIENING AAN DIE REGTERHAND.

Vr.: Waarheen is Jesus met Sy hemelvaart?
Antw.: Hy het gaan sit aan die regterhand van God. Heb. 1:13.
Vr.: Beteken dit dat daar twee persone sit ?
Antw.: Ja. So sien Daniel dit in 'n gesig. Dan. 7 :13. So sien Johannes dit in 'n gesig in Openb. 5 :6. So sien Stephanus dit in 'n gesig. Hand. 7 :55. So sê God self. Heb. 1 :13.
Vr.: Is Jesus nou ons Apostel en Hoëpriester ?
Antw.: Ja. Heb. 3:1.
Vr.: Beteken dit dat Hy vir ons intree by God?
Ant.: Ja. Heb.2:17.
Vr.: Genoodsaak so 'n bediening meer as een persoon ?
Antw.: Ja. Die Een wat intree en die Een by wie ingetree word.
Vr.: Is Jesus ook ons Voorspraak by die Vader?
Antw.: Ja. 1 Joh. 2:1.
Vr.: Veronderstel dit ook twee persone ?

Antw.: Ja, gewis. 'n Mens kan nie by Jouself voorspraak doen nie - dit is onsinnig.
Vr.: Wie tree nog vir ons in by God?
Antw.: Die Heilige Gees. Rom. 8 :26.
Vr.: Ooreenkomstig wie se wil tree Hy (die Heilige Gees) vir ons in ?
Antw.: Oooreenkomstig die wil van God. Rom. 8 :27.
Vr.: Is hier sprake van twee Persone ?
Antw.: Ja, Hy wat intree volgens die wil van 'n ander en Hy by wie ingetree word.
Vr.: Is dit logies om te verwag dat 'n Een-Persoon God by Homself sal intree ?
Antw.: Nee. Daar moet noodwendig meer as een Persoon wees.
Vr.: Wie kom weer op die wolke van die hemel ?
Antw.: Die Seun van die Mens, Dan. 7 :13.
Vr.: Wie is die Oue van Dae in Dan. 7:13 ?
Antw.: Dit is God die Vader.
Vr.: Waar lees ons nog dat Jesus Persoonlik weer kom !
Antw.: Matt. 24:30. & 1 Thes. 4:16.
Vr.: Waar is die Vader in die tyd ?
Antw.: Antw.: Op die troon in die hemel. Openb. 7:10, & Openb. 6 :17.
Vr.: Is hier 'n aanduiding van meer as een Persoon ?
Antw.: Ja. Die Vader op Sy troon en die Seun op die wolke van die hemel.
Vr.: Wie se Bruid is die bloedgewastes ?
Antw.: Die Seun se Bruid. Openb. 19:7.
Vr.: Wie het die Bruid vir Hom gegee ?
Antw.: Die Vader. J oh. 17:12.
Vr.: Hoe het Jesus Sy Bruid bekom ?
Antw.: Hy het haar gekoop met Sy eie Bloed. Openb. 5 :9.
Vr.: Is hier meer as een persoon op die spel ?
Antw.: Ja. Die Een wat gee, en die Een wat ontvang. Twee persone.

HOOFSTUK 2

Die Godheid in die Evangelie van Johannes

Johannes, die apostel van liefde, gee vir ons deur die Heilige Gees die mees intieme openbaring van die wese van die Godheid. Hier sien ons dieselfde patroon van beide die Eenheid en die Drie-eenheid van die Godheid.

JOH. 1 - IN DIE BEGIN

Vir ons begrip meet daar noodwendig 'n begin wees. God het geen begin nie, ook nie die Seun nie. Heb. 7:3 - Sonder begin van dae of lewenseinde.

WAS DIE WOORD - Dit is Christus. "En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." - vers 14.

EN DIE WOORD WAS BY GOD. Dit wil sê, saam met God, langsaan God.

EN DIE WOORD WAS GOD. So sien Dawid Hom.Ps. 110:1. "Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het die voetbank van u voete." So sien die skrywer van Hebreers Hom. 1 :9 ... daarom het 0 God, u God u gesalf met vreugdeolie bo u metgeselle."

HY WAS IN DIE BEGIN BY GOD

Vr.: Is hier onomstootlik bewys van die ewige voortbestaan van Christus, apart van die Vader?

Antw.: Ja, so duidelik as wat taal dit kan stel.

Vr.: Is Jesus God?

Antw.: Ja. " Die Woord was God." Thomas aanbid Hom: "My Here en my God." Sien Heb. 1 :9, vers 18: "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, die het Hom verklaar !"

Vr.: Beteken hierdie vers dat Jesus en' die Vader dieselfde Persoon is ?

Antw.: Geensins.

Vr.: Maar sê Jesus nie vir Filippus nie: "Hy wat my gesien het, het die Vader gesien " Joh. 14:9. En in vers 10: "Glo jy nie dat Ek in die Vader

is, en die Vader in My nie ?"
Antw.: Ja, maar Jesus sê eweneens vir die gelowige: (Joh. 15:4) "Bly in My, soos Ek in julle."
Vr.: Maak dit ons een en dieselfde persoon ?
Antw.: Nee.
Vr.: Maak dit Jesus en die Vader dieselfde Persoon ?
Antw.: Nee. Jesus het honderde kere van en met Sy Vader gespreek as 'n aparte Persoon.
1. Joh. 8:16-17: Die Getuienis van twee is waar.
2. Jesus getuig dat Sy Vader Hom gestuur het. Joh. 8 :26, dat Hy spreek wat Hy by die Vader gehoor het. Joh. 12:49. Joh, 8:26; dat Hy gekom het in die Naam van Sy Vader, Joh. 5:43; dat Hy die Vader gesien het, Joh. 6:46; dat Hy niks uit Homself kan doen tensy Hy die Vader sien doen nie, en dat Hy niks uit Homself kan spreek nie, maar dat die Vader wat Hom gestuur het, Hom 'n gebod gegee het wat Hy moet sê, Joh.12:49.
Vr.: Getuig hierdie verhouding en handeling van een Persoon of van meer as een ?
Antw.: Definitief van meer as een. Stelling van 'n prominente Een-Naam Prediker: "Daar is net een Here Jesus Christus - daar is baie vaders en seuns. In Engels sê hy: "God holds three offices:" In die hemel is Hy die Vader, op die aarde is Hy die Seun en in ons is Hy die Heilige Gees."

Weerlegging:
1. Die Seun bid tot Sy Vader in die hemel.
2. By die doop van Jesus spreek die Vader uit die hemel, en weer op die berg van verheerliking. Die Heilige Gees as die derde Persoon is ook hier aktief.
3. Jesus sê: "My Vader is groter as Ek." Joh. 14:28.
4. Jesus sê: "As iemand My liefhet, sal hy My Woord bewaar, en My Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak," (d.w.s. Vader en Seun) Joh. 14:23.
5. Jesus sê: " Want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie, maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur" Joh. 16:7. & Hand. 2:33.
6. Jesus as Middelaar. "Niemand kom tot die Vader behalwe deur My nie" en weer" Alles wat julle die Vader vra in My Naam, sal Hy julle

gee." Joh. 14:13.
In Heb. 1:3 word Jesus genoem. "Die afdruksel van Sy wese" (Engels "the Express image of His Person). Hy was die Vader se ewebeeld. en dit van die begin af', nog voor sy vleeswording. Toe Hy vlees geword het, het Hy vir ons die sigbare beeld van die onsigbare God geword.

Gevolgtrekking:
1. Vader, Seun en Heilige Gees word as drie aparte Persone by dieselfde geleentheid ge-openbaar (by die doop van Jesus).
Dus kan Vader en Heilige Gees nie maar net titels wees nie, of selfs 'n ander manefestasie van Jesus nie.
2. As Jesus praat van 'n ANDER Trooster wat kan leer en lei en spreek (en dit nie uit Homself nie, Joh. 16:13), dan bedoel Hy nie dat dit maar weer Hyself is wat onder 'n ander titel (office) na die mens toe kom nie.
Laat ons die Woord van die waarheid reg sny, Gesonde eksegese vereis twee aparte Persone hier.

'n Ander groep het nou weer tot 'n splinternuwe ontdekking gekom - hulle noem dit 'n openbaring. Hulle se die volle naam is HERE JESUS CHRISTUS. Here is die Vader, Jesus is die Seun en Christus is die Heilige Gees.

Weerlegging: Die woord Christus beteken: GESALFDE, dit is Jesus. God het Hom gesalf met die Heilige Gees. Nee, Christus is die Seun en nie die Vader of die Heilige Gees nie.
Hand. 2:31.

HOOFSTUK 3

Daar is maar een God!

Voorstanders van die een-Naam vertolking kan baie Skrifte aanhaal om te bewys dat God een is. Die bekendste hiervan is seker Deut. 6 :4. " Hoor Israel, die Here onse God is 'n enige Here."

Daarteenoor kan ons letterlik honderde Skrifte aanhaal om die bestaan van drie aparte Persone in die godheid te bewys. Enige opregte soeker na waarheid is verplig om al die feite van die Skrif oor 'n bepaalde onderwerp bymekaar te maak en om dit dan te versoen. Een ding is gewis: God se Woord is nie vol teenstrydighede nie, al lyk dit soms op die oppervlakte so. Jesus se vir die Saduseers : "Is dit nie hierom dat julle dwaal nie, omdat julle die Skrifte nie ken nie, en ook nie die krag van God nie?" Matt. 22:29.

Vr.: Hoe kan ons die duidelike Skrifte wat spreek van die eenheid van God versoen met die wat net so duidelik dui op 'n drie-eenheid ?
Antw.: Eerstens: Daar kan nie sprake wees van drie Gode nie. Ons verwerp die beskuldiging met veragting. Daar is maar een God.
'I'weedens: Die een-Naam mense probeer hulle probleem oorbrug deur die een God in drie te verdeel, terwyl ons weer 'n saamgestelde eenheid van drie aparte Persone sien.

BEWYSE:
1. Taalkundig: In Gen. 1:1 en op meer as 2,700 ander plekke in die Ou Testament word die Hebreeuse meervoudsvorm Elohim vir God gebruik. Op 239 plekke word dit met gode vertaal.
2. Meervoudige voornaamwoorde in verband met God gebruik bewys meervoudigheid van Persone, soos ONS. Gen. 1 :26.
3. Deut. 6:4. "Hoor Israel, die Here onse God is 'n ENIGE Here." Daar is twee woorde in Hebreeus wat vir die begrip EEN gebruik word, nl.
(a) Yachid beteken 'n absolute een.
(b) Achid beteken 'n saamgestelde een, 'n verenigde een.
Laasgenoemde woord word hier in Deut. 6:4 gebruik. Hoor Israel, die

Here onse God is 'n achid (saamgestelde eenheid).
Ons praat van 'n span, by. 'n span osse, ens. Daar mag baie in die span wees, maar dit is een span.
Voorbeelde: Gen. 1:26 "Laat Ons mense maak na ons beeld. Joh, 17:11 ... "sodat hulle een kan wees net soos Ons."
Sien Ook Joh. 17:21, 22.
4. Prakties. Joh. 10.30 Jesus sê: "Ek en die Vader is een." Nie een Persoon nie, maar in eenheid, soos in Joh. 17:11 ... "dat hulle (sy kinders) een mag wees NET SOOS ONS." (Op dieselfde manier as wat Ons een is, d.w.s. een van sin en een van liefde) .
Gen. 2.24 sê man en vrou sal een vlees wees. Nie een persoon nie, maar twee persone in 'n wonderlike verborgenheid saamgesnoer in 'n eenheid.
Ef. 5:32 "Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente." Die gemeente word dus ook een met Christus, been van Sy been en vlees van Sy vlees. Hulle bly egter nog aparte persone.
5. Logies. Die verwantskap van Vader en Seun vereis twee persone. "U is my Seun, vandag het Ek u gegenereer." Heb. 1:5.

OPMERKING:
Alhoewel ons weet dat God alomteenwoordig is, huldig ons nie die panteïstiese stelling dat God onpersoonlik in alles verteenwoordig is nie. God die Vader lokaliseer Homself in Sy geestesliggaam op 'n definitiewe wyse.
Daar is 'n God IN DIE HEMEL. God sit op sy TROON, besoek Moses op die berg, sit as OUE van dae in die gereg, wandel in die tuin, praat uit die hemel, ens.
Net so ook is die Heilige Gees nie slegs 'n alomteenwoordige invloed nie, maar 'n definitiewe verpersoonlikte krag wat op die waters gesweef het, op die profete gekom het, gesien is in wolkkolom en vuurkolom. Hy kan uitgestort word (val op persone) .. Hy kan ook weggeneem word *Ps.* 51:13). Hy kan bedroef word, weerstaan word en uiteindelik geblus word. Ef. 4:30.

.Hy is die ANDER Trooster wat gestuur word, terwyl Jesus weggeneem word. Joh. 14:7.

. DIE KWESSIE VAN NAAM .

Die een-Naam voorstanders sê: In' Jes. 9:5 word Jesus genoem Ewige Vader; gevolglik is Hy die Vader, en is die naam van die Vader Jesus.

Weerlegging:

Jesus spreek met Johannes op Patmos en Hy sê: Openb. 3:12. "En Ek. sal op hom die NAAM van My God skrywe, en die naam van die stad van My God, van die nuwe Jerusalem .... EN MY NUWE NAAM". (Sien ook Openb, 14:1). Dus drie name, nie waar nie ?

1. Die Naam van God. (die Vader).
2. Die Naam van God. (die Seun).
3. Die Naam van die Stad.

Opmerking:

Hierdie drie Name sal geskrywe word op diegene wat oorwin. Name was altyd gegee om karakter te openbaar. God het baie name in die Ou Testament wat Hom bekendstel aan die mens. Vir Moses se Hy: EK IS (Ex. 3:14), maar Hy is ook

Jehova Rapha
Jehova Tsidkenu,
Jehova Jireh,
Here van die Leerskare, ens.

Ook Jesus het baie ander name wat Sy karakter en bediening omskryf. Hy word genoem Immanuel, dit beteken " God met ons." Hy word ook genoem GETROU EN WAARAGTIG, en DIE WOORD van GOD. Open. 19:11-13. Heiland, Hoëpriester, Apostel, Vriend. Dit is dus nie vreemd as Hy ook genoem word Ewige Vader nie. Maar dat Jesus tog nie Sy eie Vader kan wees nie, is duidelik. Tewens, die Vader-Seun verhouding word letterlik deur honderde Skrifte in die Nuw Testament uitgebeeld. Paulus se bv. in Kol. 1:3: Ons dank die God en Vader van onse Here Jesus Christus,

In 2 Joh. 1:3 word Hy spesifiek genoem: die Seun van die Vader. Vader en Seun staan dus apart, en tog is hulle *EEN*nie een in getal nie, maar een in die sin van eenheid, soos Jesus ook bid in Joh. 17:11: "Heilige Vader, bewaar in U Naam, die wat U My gegee het, sodat hulle EEN kan wees net soos ONS.

HOOFSTUK 4

Drie Getuies in die Hemel !

1 Joh. 5:7: " Want daar is drie wat getuig in die hemel." Die VADER, die WOORD (dit is Christus - Joh. 1:1) en die Heilige Gees.
Sommige mense wil hierdie lastige bewys van die drie-eenheid graag uitwis uit de Bybel. Hulle haal dan ook sekere bronne aan om te probeer bewys dat hierdie gedeelte nie in die vroegste manuskripte 'Sou voorkom nie. Desnieteenstaande verskyn dit vandag nog saam met die laaste gedeelte van Markus 16 (wat ook deur sommige kritici verwerp word) in die beste vertalings van die wereld, insluitende ons eie Afrikaanse Bybel.
En waarom word hierdie gedeelte as kanonniek aanvaar? Omdat dit absoluut niks bevat wat teenstrydig met die res van die Skrif is nie. Inteendeel dit word deurgaans bevestig.

Bewyse van getuies in die hemel.

1. Joh. 17:24. " Vader, verheerlik My met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voor die grondlegging van die wereld,"
2. Ps. 110:1. " Die Here het vir my Here gese: Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande gemaak het die voetbank vir u voete."
3. Ex. 23:20, 21. '" Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar . . . . ; neem jou in ag vir Hom, en luister na Sy Stem." Wie was die Engel? Mal. 3: 1 "Dan sal Hy skielik na Sy tempel kom die HERE na wie julle soek, naamlik die ENGEL van die VERBOND."
4. Daniel sien die SEUN van die MENS saam met die OUE VAN DAE in die hemel. Dan. 7:13.
5. Stephanus word gestenig en hy sien Jesus staan aan die Regterhand van die Vader. Hand. 7:55.
6. As Hoepriester sit Jesus aan die regterhand van die Majesteit (Vader) in die hemel. Heb. 8:1.
7. En Johannes sien Hom as die Lam wat geslag is wat die boekrol uit die Vader se hand neem. Openb. 5 :6, 7.
8. Die Heilige Gees voor die troon van God. Openb. 1 :4.

Jesus is God (die Seun).

Ons wil beslis wees in ons standpunt dat Jesus absoluut God is. Voor

Sy vleeswording was Hy aan God (die Vader) GELYK. Fil. 2~6. "Hy wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God GELYK te wees nie."

In sy menslikheid egter, het Hy Hom ontledig. Fil. 2 :7. Hy is in alle opsigte gelyk gemaak aan Sy broeders. Heb. 2:17.

Jesus se ook dat Hy die kruis vrywillig opneem. Hy beperk Homself dus terwille van ons, sodat Hy 'n Hoepriester vir ons kan word wat medelye met Sy skepsele kan hê. Heb 2:17.

Maar Hy bly nog God. Hy laat toe dat mense Hom aanbid. Joh. 9 :38. Na Sy opstanding aanbid 'Thomas Hom as: "My Here en my God." Dawid sien Hom in die Gees en sê: " Die HERE (Vader) het vir my HERE (Seun) gese: Sit aan My regterhand." Ps. 110:1. En in Joh. 1:1 word dit onomwonde verklaar: " Die Woord was God." (Die Woord kan nie die Vader wees nie, want die Woord het van die Vader uitgegaan).

Jesus is dus in geen opsig minderwaardig aan die Vader nie hoewel Hy self gesê het : "My Vader is groter as EK." Joh. 16 :28.

Ons verhouding met Christus is anders as ,die met die Vader. Rom. 8.17. As daar 'n erfgenaam is, vereis dit noodwendig 'n erflater. Iemand wat nalaat en iemand wat erf. In hierdie geval erf ons saam met onse Here Jesus.
Ons regeer in hierdie erfenis saam met Christus die duisend ˈjaar lank.
God die Vader is in die hemel. Openb. 20:9.
Christus is ons hemelse Bruidegom. (nie die Vader nie).
Jesus is ons oudste Broer. God (Vader) is ons Vader. Kol 1:18.
Hy is die" Beeld van die onsienlik God." Kol. 1:15, "die afdruksel van Sy wese," Heb. 1:3.
" Ek is in die Vader, en die Vader in My." " Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." Joh, 14.10.
Paulus sê: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." Gal. 2 :20.
" ... vir wie ek weer in barensnood is totdat CHRISTUS IN JULLE GESTALTE kry, Gal. 4:19.
Afleiding:
1. Soos die Vader in Jesus woon, so woon Jesus in ons.

2. Soos Jesus die Vader verklaar, so verklaar ons Jesus.
3. Maar ek verloor nie my indiwidualiteit as Christus in my woon nie, net s0 min as wat Jesus Sy indiwidualiteit verloor as die Vader in Hom woon.

Ou Testament Profesieë aangaande die Seun.

Vr.: Skrywe die Ou Testament ook van die Seun, of verskyn Hy slegs in die Nuwe Testament as 'n manifestasie van God in die vlees? 1 Tim. 3:16.
Antw.: Die Ou Testament is vol profestiese verwysings na die koms van die Seun van God na die aarde.
1. Jes. 49:1-7. Hier word Hy genoem die Kneg van die Here, wat nie net die gespaardes in Israel sal terugbring nie, maar ook 'n Lig vir die nasies sal wees.
2. Hy word genoem die Spruit van Dawid. Jes. 11:1.
3. Jes.9:5. "Want 'n Kind is vir ons gebore ... "
4. Verskillende professieë wat spreek van Sy lyding. Jes. 53; Ps. 22; Sag. 12;

1 Tim. 3:16.
"Groot is die verborgenheid, God is ge-openbaar in die vlees."
Vr.: Wie is ge-openbaar in die Vlees ?
Antw.: God.
Vr.: Is dit God die Vader of God die Seun ?
Antw.: Dit is nie die Vader nie, maar wel die Seun. Joh. 1:1 se: "Die Woord was BY GOD" en vers 14 "En die Woord het vlees geword."
Vr.: Waar was die Vader toe die Seun as vleesgeworde Woord op aarde gewandel het?
Antw.: In die hemel. Jesus bid: "Onse Vader, wat in die hemel is."
Vr.: Waar was God, die Heilige Gees in die tyd?
Antw.: Jesus se: "As Ek weggaan, sal Ek julle 'n ANDER Trooster stuur. Joh. 14:16.
Gevolgtrekking: Hoewel Vader, Seun en Heilige Gees sowel voor as na die vleeswording as aparte Entiteite bestaan het, vind ons dat slegs die Seun in die vlees ge-openbaar is.
Vr.: Maar sê die Skrif nie dat die volheid van die godheid liggaamlik in Jesus gewoon het nie ?
Antw.: Ja. Kol, 2 :9. Die een-Naam mense lees daarin die volgende: In Jesus is die volheid van die Godheid te vind. Hy is die

Vader, Hy is die Seun, Hy is die Heilige Gees. Die Naam van aldrie is Jesus. Doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees beteken dus doop in die Naam van Jesus.

Weerlegging:

1. Jesus ontvang die Gees nie met mate nie. Joh. 3:34.
2. Die Vader woon in Jesus. Die ganse volheid woon dus in Hom. Dit beteken egter nog nie dat Vader en Seun dieselfde Persoon is nie, of dat die Heilige Gees se naam Jesus is nie.

Van die kind van die Here word presies dieselfde dinge gese:

1. Kol. 1:10. "En julle het die volheid in Hom."
2. "Bly in My, SOOIS Ek in julle." Joh. 15.4.
3. "As iemand My lief het, sal hy My Woord bewaar, en My Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak." Joh. 14:17.
4. En van die Heilige Gees. . . .. "omdat Hy (die Heilige Gees) by julle en in julle sal wees."

Gevolgtrekking : Jesus sê: Die Vader en die Gees woon in My. Jesus se ook: Die Vader, die Seun en die Heilige Gees woon in ons. Die feit dat Jesus in my woon, maak my nog nie Jesus nie. Jesus het die volheid gehad en ons het dit ook omdat ons Jesus het. Maar elke persoon behou sy eie identiteit. Vader is apart, Seun is apart, Heilige Gees is apart, ek is apart. "Nogtans leef ek nie meer nie, maar Christus leef nou in my." Gal. 2:20.

Immers, Jesus as Seun van die mens het Sy beperkinge gehad, soos ek myne.

1. Hy was gelyk gemaak aan sy broeders in ALLE opsigte. Heb. 2:17.
2. Hy het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het. Heb. 5:8.
3. Hy het met sterke geroep en trane gebede geoffer, en Hy is ook bevry uit die nood. Heb. 5:7.
4. Joh. 5:19. "Die Seun kan niks uit Homself doen nie, tensy Hy dit die Vader sien doen."
5. Joh. 12:49. " Want Ek het nie uit Myself gespreek nie, maar die Vader wat My gestuur het, Hy het my 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek."

Ons sien dus dat die drie-eenheidsgedagte word nie in Kol. 2:9 vernietig nie, maar veel eerder bevestig !

HOOFSTUK 5

Hoe moet gedoop word?

In Sy koninklike bevel se Jesus in Matt. 28:18, 19: "Aan My is gegee ALLE, MAG in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle van God. Dit is geloof in die Persoon wat krag het.

Stelling: Die een-Naam voorstanders beweer nou: Naam is die enkelvoud, en daar is net een Naam, nl. Jesus; gevolglik moet daar gedoop word in die Naam van Jesus, soos ons dit aantref in die boek van Handelinge.

Weerlegging: In Jer. 23 :25 praat God van "die profete wat in my Naam vals profeteer," en in vers 31: " Kyk, Ek het dit teen die profete, spreek die Here wat hulle eie tong gebruik en sê: " Die Here spreek." Hierdie profete het dus vir hulle die gesag van die Here toegeëin. Om in die Naam van iemand iets te doen beteken om met sy goedkeuring, met Sy gesag op te tree; dus namens' hom.

As Jesus sê : "In my Naam sal julle duiwels uitdryf" beteken dit dat ons dit met Sy gesag sal doen. Dit is nie die Eienaam (Jesus) wat hier op die spel is nie, maar die gesag agter die Naam. (Dit het die seuns van Skeva tot hulle verdriet uitgevind.) Dit sal ewe geldig wees om duiwels uit te dryf in die Naam van die Here, of in die Naam van die Seun van God. Dit is geloof in die Persoon wat krag het.

Jesus sê byvoorbeeld: "Ek kom na julle toe in die Naam van My Vader." Dit beteken eenvoudig: die Vader het my gestuur; Ek is hier op Sy outoriteit.

So ook in Matt. 28:19. " Doop hulle in die Naam van die Vader (op gesag van die Vader) en die Seun (op gesag van die Seun) en die Heilige Gees (op gesag van die Heilige Gees). Die eienaam van die Persone is glad nie op die spel nie.

Die Vader as Gewer van die Gawe (Jesus Christus - Joh. 3:16) sowel as die Heilige Gees wat die wedergeboorte in ons werk, het saam met die Seun deel aan die verlossingswerk. Daarom word aldrie persone geëer in die doopsformule.

As die woord " Vader" dan net 'n titel (office) is, dan is dit die titel van 'n persoon. Vader is nie 'n eienaam nie maar hy is 'n lewende, tasbare persoon (ek praat van 'n aardse vader). *As* ek dus in die naam van my aardse vader iets moet moet doen, dan verteenwoordig ek tog 'n werklike persoon.

DIE SKRIF VERSOEN

Hoe moet ons dan die bevel van Jesus in Matt. 28:19 versoen met die optrede van die Apostels in die hoek van Handelinge ?
Let op in hierdie verband dat die Apostels glad nie konsekwent doop in die Naam (eienaam) JESUS nie. In Hand. 2 :38 byvoorbeeld sê Petrus: doop in die Naam van JESUS CHRISTUS, terwyl hy in Hand. 10:48 beveel dat die mense gedoop word slegs IN DIE NAAM VAN DIE HERE. Hier is dus nie sprake van 'n doopsformule nie.
Nee, Petrus het hier te doen met die gesag van die Persoon van Jesus. Die kerngedagte is: doop op die outoriteit van, Jesus, doop met met Sy doop, (in teenstelling met die doop van Johannes wat so alombekend was.) Vandaar die episode met die Efesiers in Hand. 19.
Hierdie mense is egter nie oorgedoop omdat hulle kwansuis "verkeerd" gedoop was nie, Ons vind hier ook geen regverdiging in vir die oordoop van Pinkstermense wat gered is en in die meeste gevalle ook gevul is met die Heilige Gees nie. Hulle loop gevaar om teen die Heilige Gees te laster, Matt. 12:31-32 omdat hulle die Heilige Gees misken in die doopsdaad, en Hom gevolglik beroof van Sy plek in die versoeningsplan van God.
Dit is ook net so gevaarlik om die VADER te loën as die SEUN. 1 Joh. 2.23. So 'n misleiding kan selfs lei tot 'n afvalligheid van die waarheid waaruit dit onmoontllk is om herstel te word. 'n Afvallige persoon is nie 'n teruggevallende nie, maar wel iemand wat die waarheid loën, Heb. 6.

JESUS CHRISTUS DIE ENIGSTE FONDAMENT

In Ef. 2 :20. lees ons: " Gebou op die FONDAMENT VAN APOSTELS EN PROFETE." In 1 Kor. 3:10. sê Paulus weer: volgens die genade van God wat aan my gegee is het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê .... want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Christus Jesus." ,
Afleiding. Apostels en Profete is nie self die fondament nie. Hulle is slegs die boumeesters. Die fondament is Jesus Christus. En wat vind ons in die fondament? Jesus self sê: "Doop hulle in die Naam van die

Vader (Sy Vader, ons Vader) en die Seun en die Heilige Gees (die ANDER Trooster)."
Niemand kan 'n ander fondament as dit lê nie, selfs nie 'n apostel nie, Matt. 28:19 kan dus nie afgewater word om by sommige se opvatting van Handelinge te pas nie. Ons moet Handelinge versoen met die fondament. Die formmle is in Matt. 28:19; die ander is slegs verwysings. Ons wil beslis beweer dat Petrus nie die woorde "Ek doop jou in die Naam van Jesus Christus " gebruik het nie. Kom laat ons konsekwent die ander gevalle ook so toets.
1. Hand. 8:12 " .... is hulle gedoop, manne sowel as vroue."
Let op: Geen formule word gegee nie.
2. Hand. 8 :38 " .... en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop."
Let op: Geen formule nie.
3. Hand. 9:18: " .... en hy (Saulus) het opgestaan en is gedoop."
Let op: Geen formule nie.
4. Hand. 10:48: "En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here."
Let op: Die Naam Jesus kom glad nie voor nie.
5. Hand. 16:15. "En toe sy en haar huisgesin gedoop is …. "
Opmerking: Geen formule gemeld nie.
6. Hand. 16:33 " . . . . en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense."
Let op: Geen formule nie.
7. Hand. 18:8 " .... toe hulle hom hoor (het hulle) gelowig geword en is gedoop."
Let op: Geen formule nie.
8. Hand. 19:5. "En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE JESUS."
Let op: Ook hier is 'n verskil.
9. Hand. 22:16. Paulus getuig hier van sy eie doop. " Staan op en laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl Jy DIE NAAM VAN DIE HERE AANROEP."
Opmerking: Geen formule word genoem nie.
GEVOLGTREKKING: Die boek Handelinge is 'n boek van getuienis van wat die Apostels gedoen het, en van die magtige dade van die Heilige Gees. Dit is nie 'n boek van formules of formuliere nie. Nêrens word daar melding gemaak van die wedergeboorte nie, en tog het Jesus hierdie saak met 'n VOORWAAR, VOORWAAR bevestig, Waarom

verwerp hierdie mense nie die wedergeboorte nie?
Ons soek dus tevergeefs na 'n spesifieke doopsformule in die boek van Handelinge. Gevolglik kan ons nie anders as om te aanvaar dat hulle gedoop het in die NAAM VAN DIE VADER, EN DIE SEUN, EN DIE HEILIGE GEES. Waarom sou hulle afwyk van die direkte bevel van die Meester? Niemand kan tog 'n ANDER fondament lê nie, selfs nie 'n Apostel nie. Maar u moet oppas hoe u daarop bou. 1 Kor. 3:10.

MET CHRISTUS BEGRAWE

Een-Naam stelling: Rom. 6 sê dat ons saam met Christus begrawe is. Die Vader is nie begrawe nie, en ook nie die Heilige Gees nie. Ons moet dus net gedoop word in die NAAM VAN JESUS.

Weerlegging. Net so min as wat ek die Vader en die Heilige Gees by die kruisiging, begrafnis en opstanding kan uitsluit, net so min kan ek dit by die doop doen. Die stelling is egter nie goed vir die Een-Naam teorie nie, want daardeur erken hulle dan 'n Vader en 'n Heilige Gees wat dan volgens hulle nie begrawe was nie. En as Jesus ook die Vader en die Heilige Gees is dan was hulle mos begrawe. Nee, sulke argumente bring net verwarring mee.

Hier is die feite.

1. God die Vader het Sy eniggebore Seun gegee; Sy onnaspeurlike liefde het die ganse reddingsdrama van die mens moontlik gemaak. Dit was die Vader se wil, Matt. 26:42.

2. Jesus bring die offer van Sy bloed deur DIE EWIGE GEES. Heb. 9 :14. Na Sy dood is Hy in die GEES na die doderyk en word Hy deur dieselfde Gees weer opgewek uit die dode.
1 Pet. 3:18-19. Let op die Vader was nie in die doderyk nie, die Seun wel. Hand. 2:27. Die Vader wek die Seun op deur die Heilige Gees. Rom. 8:18:11 en 2 Kor. 4:14.
Sonder die Heilige Gees is daar geen opstanding nie, en as daar geen opstanding is nie, dan is ons nog in ons sonde. 1 Kor. 15:17, 18. As u met Christus begrawe is en die Heilige Gees verwerp in die doopsdaad, dan is u verlore, u is nie opgewek nie, en die prediking was tevergeefs; so verklaar die Apostel Paulus.

3. Ons sien dus dat aldrie die Persone van die Godheid werksaam was by die dood en opstanding van Jesus, Sien u kans, geagte leser, om dieVader en die Heilige Gees hier buite rekening te laat?

4. Die ark as tipe van die doop is wonderlik. Een ark, maar drie verdiepings. Die deur was in die middelste verdieping. Dit is Christus,

wat vir ons die Deur geword het na die Vader en die Heilige Gees.
5. Jesus se liggaam lê drie dae in die graf. Een begrafnis, drie dae. Ek gaan eenmaal in die water, maar word driemaal onderdompel. Wat 'n pragtige beeld van die een God, die "achid" saamgestel uit drie persone !

HOOFSTUK 6

Die drie persone van die Godheidspreek met mekaar!

1. Heb. 10:2 - " Kyk, Ek kom om u wil te doen 0 God"
2. Heb. 10:5 - "Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei."
3. Joh. 12:28 - " Vader, verheerlik U Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek het dit verheerlik."
4. Ps. 16:10 - " Want U sal My siel aan die doderyk nie oorgee nie. U sal nie toelaat dat U Gunsgenoot verderwing sien nie."
5. Ps. 2:7 - "Die Here het aan My gesê: U is My Seun, vandag het Ek U gegenereer."
6. Ps. 45:6-8 - "Daarom het 0 God, U God U gesalf met vreugde-olie bo U metgeselle.
7. Ps, 110:1 - "Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan My regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank vir u voete."

Kommentaar: Niemand kan die noodsaaklikheid van meervoudigheid in hierdie gedeeltes ontken nie. Dit is onomstootlik daar. Dit is maar 'n paar aanhalings uit die honderde. (Ons dink byvoorbeeld aan Jesus se hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 waar Hy selfs verwys na 'n tydperk voor die wereld daar was; Joh. 17:5. Hy was toe reeds BY die Vader, Joh. 1:1.

Die Drie Persone Saam Gegroepeer

Matt. 28:19: " .... en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

Rom. 15:30: "Maar ek vermaan julle, broeders, by onse Here Jesus Christus en by die liefde van die Gees, om saam met my in die gebede te stry vir my by God,

1 Kor. 12:4-6: "Daar is wel verskeidenheid van genadegawes maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bediening en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk."

2 Kor. 13:13: "Die genade van die Here Jesus Christus, en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle

almal."
Ef. 4:4-6: "Dit is een liggaam en een Gees" .. ,. een Here . . . . een God en Vader van almal.
(Sien ook Heb., 2:3-4,1 Pet. 1:2, 1 Pet. 3:18, 1 Joh. 3:21-24, 1 Joh. 5:7, Judas 20, 21 en Open. 1:4-5).
Opmerking: Dit is ook opmerklik dat Paulus wat veronderstel was om net in die Naam van Jesus te doop elke brief begin met 'n begroeting in die Naam van die Vader en van die Seun. Lees gerus die eerste paar verse van elk van Paulus se briewe.Dit is 'n onomstootlike bewys van Paulus se insig in die meervoudigheidsbegrip van die godheid.
Jesus se taal bewys Meervoudgheid in die Godheid.
Joh. 15 :24 " .... en tog het julle My SOWEL as my Vader gehaat."
Joh. 8 :17 " ... En dit is ook in julle wet geskrywe dat die getuienis van TWEE mense waar is. Dit is EK . . . en die VADER."
Joh. 14:23 " .... en ONS sal na hom kom en by hom woning maak."
Matt. 11:27 " Alles is aan My oorgegee deur My Vader, en niemand KEN DIE SEUN nie, behalwe dieVader; ook KEN NIEMAND DIE VADER nie, behalwe die Seun."
Joh. 8:38 "Ek spreek van wat Ek by MY VADER GESIEN het, en julle doen ook wat julle by jul vader gesien het."
Joh, 8:54 "Jesus antwoord: As Ek Myself verheerlik, is my heerlikheid niks nie. Dit is MY VADER wat My verheerlik van wie julle sê dat Hy julle God is."
Opmerking: Christus is nie slegs 'n tydelike manefestasie in die vlees van God die Vader nie. Dit was as 'n ewigbestaande Persoon (sonder begin van dae of lewenseinde - Heb. 7:3) dat Jesus 'n liggaam aangeneem het, en dit permanent. In daardie verheerlikte liggaam sal Hy vir ewig bestaan, apart van die Vader. Beide die Seun en die Heilige Gees word dwarsdeur die Skrif geopenbaar as definitiewe Persone, elk met 'n eie wil en 'n eie geestesgestalte. Dit bewys meer as enigiets anders dat hulle nie slegs tydelike manefestasie van God is nie. Want as die doel van 'n manefestasie bereik is, dan moet die manefestasie self ook verdwyn. En dit is nie die geval hier nie. Die Skrif sê spesifiek dat elke Persoon in die godheid vir ewig lewe.
Die Vader. Matt. 6:13, Joh. 17:1.
Die Seun. Joh. 8:35, Heb. 7:24.
Die Heilige Gees. Heb. 9:14.

Jesus word 208 keer in die Bybel die Seun genoem. Dit is die Seun wat aan ons gegee is, nie die Vader nie; Hy is ons Middelaar, ons Hoëpriester, ons Mede-erfgenaam, die Hoof van die Liggaam, die Voorspraak, die Bruidegom, maar nie die Vader nie.
Die Heilige Gees het nie vlees geword nie, die Vader is nie uitgestort nie. Die Heilige Gees is nie gekruisig nie, en die Vader is nie uit die dode opgewek nie. Elke Persoon se funksie is spesifiek, en tog vorm hulle 'n volmaakte eenheid. Nooit weerspreek hulle mekaar nie, en nooit word die Een geëer en nie die ander nie. Hulle vorm 'n volmaakte eenheid, waarvan die mensbeeld maar 'n vae demonstrasie is.
Die mens as gees, siel en liggaam funksioneer afsonderlik en in die geheel vir die beswil van die geheel. "Niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente." Ef. 5:29.
Die menslike gees, siel en liggaam kan van mekaar geskei word, 1 Thes. 5:23. Die mens is geskape na die beeld van God. Gen. 1:26.

DIE ENIGGEBORE SEUN VAN GOD

"Niemand weet wie die Vader is nie, behalwe die Seun, en wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en hy aan wie die Seun dit wil openbaar." Matt. 11:27.
Almal maak aanspraak op hierdie openbaring, maar wie het dit nou werklik? Ons glo dat die openbaring slegs volgens Skrif kan wees, want God se hoogste openbaring is immers die openbaring van Sy Woord. Christus is die Woord, en as die Woord geopenbaar word, dan is dit Christus Self.
Wat sê die Skrif aangaande die Vader en die Seun? Ons het reeds bewys dat Vader en Seun aparte Persone moet wees vanwee hulle verhouding met mekaar en die funksies wat hulle vervul.

In hierdie hoofstuk wil ons graag 'n ander aspek van die saak aanvoer, naamlik die volgende:
Vr.: As God (die Vader) Jesus se Vader is, veronderstel dit dan nie dat Hy in terme van tyd ná die Vader gekom het nie ?
Antw.: Ons moet versigtig wees om nie menslike begrippe slaafs op die godheid toe te pas nie. God ken geen tyd nie. Hy is, As Joh. 1:1 praat van "in die begin," dan doen die Heilige Gees dit om ons ontwil. God het nie 'n begin gehad nie.

Vr.: Maar sê die Skrif dan nie dat Jesus die "eniggebore " Seun is nie? (Joh. 3:16).
Antw.: Dit verwys na Sy opstanding uit die dode. Rom. 1:4; Hand. 13:33; Kol. 1:18. Die Eersgeborene uit die dode.
Vr.: Hoe verklaar ons Openb. 3: 14" .... die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God." Was Jesus dan 'n geskape Wese?
Antw.: Nee. Kol. 1:15 se Hy is " die Eersgeborene van die hele skepping. GEBORE, nie geskape nie. Vers 16 se duidelik " want IN HOM is alle dinge geskape, sonder Hom het geen ding ontstaan wat ontstaan
het nie."
Joh. 1:3. Hy is die Alfa van alles, die begin of Beginner. Hy is die Woord, en alle dinge het deur die Woord van God ontstaan. Heb.ll:3.
Vr.: Jesus is dan tog die Eersgeborene van die hele Skepping. Hoe was Hy gebore, afgesien van Sy vleeswording en Sy opstanding ?
Antw.: Geboorte is weer 'n menslike term wat 'n vader en 'n moeder genoodsaak. God is egter nie 'n mens nie. Daar is byvoorbeeld nie sprake van 'n moeder nie.
Nee, menslike begrippe word gebruik bloot omdat ons taal so arm en beperk is. As God dus Sy verwantskap met die Seun aan ons wil verduidelik, dan gebruik Hy die mees intieme menslike verwantskap, naamlik die van ouer en kind. Deur geboorte ontvang ek die natuur van my aardse vader.
Jesus dra die BEELD van Sy Vader (Kol 1:15). Hy is die" AFDRUKSEL van Sy wese." (Heb. 1:3). "Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die EWIGHEID." (Miga 5 :1)
Verder terug as dit kan ons selfs God die Vader nie plaas nie. Nee die Seun is saam met die Vader en die Heilige Gees "uit die dae van die EWIGHEID." Enigiets minder as dit maak Jesus minder as God. As Priester, volgens die orde van Melgisedek is Hy "sonder begin van dae." Heb. 7:3.
Vr.: Maar' was Jesus voor Sy vleeswording nie 'n engel nie, aangesien Hy dikwels in die ou Testament as 'n engel verskyn en selfs die Heilige Gees verwys na Hom as die "Engel van die Verbond."? Mal. 3:1.
Antw.: God het Homself dikwels in die ou Testament in die vorm van 'n engel aan die mens geopenbaar, maar dit was slegs 'n tydelike manefestasie. Jesus, sê dat niemand God ooit aanskou het nie. Die

Seun egter, het Hom gesien.
Hebreërs hoofstuk 1 beskrywe vir ons Jesus se uitnemendheid bo die engele (1:4). Selfs die engele word aangesê om Hom te aanbid, vers 6. In vers 8 noem die Vader die Seun God.
Fil. 2:6 "Hy wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God GELYK te wees nie."
Dus nie die gestalte van 'n engel nie, maar van God. By die skepping het God gese: " Laat ONS mense maak na ONS beeld, na ONS gelykenis." Gen. 1:26.
Gevolgtrekking: Jesus was van ewig af in die gestalte van God. Met Sy vleeswording het Hy Homself "ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem." Fil. 2 :7.
Met die opstanding uit die dode word Hy "gegenereer" en ontvang Hy " al die mag in die hemel en op die aarde." (Matt. 28 :18). Net God die Vader is nie aan Hom onderworpe nie. (1 Kor. 15: 27). Jesus is God (die Seun). Slegs 'n god kan gelyk wees aan 'n god. Daarom aanbid ons Hom as: My Here en my God.

HOOFSTUK 7

Gesonde Bybeluitleg.

Die Woord van God is lewendig, is Gees en Lewe. DieWoord moet dus in Sy geheel gesien word. Geen waarhede daarvan moet uit verband geruk word nie. Een stelling kan nie gebruik word om 'n ander te kanselleer nie; alle gegewens oor 'n bepaalde onderwerp moet eerlik saamgevat word. Dan kom 'n mens eers by die ware verborgenheid van die Skrif. Oppervlakkig beskou lyk sommige stellings selfs teenstrydig. Neem as klassieke voorbeeld die sogenaamde uitverkiesingsleer; kontrasteer die volgende twee skrifte:

1. Rom 9:17 "So hang dit dan nie af van die een wat WIL of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is."
2. Openb. 22:17" ... laat hom wat WIL die water van die lewe neem verniet."

Oppervlakkig gelees lyk bogenoemde stellings na 'n weerspreking in terme. Bring egter al die gegewens bymekaar en spoedig ontvou die volle majesteit van die Logos (Sien my boekie *oar* die uitverkiesing). 'n Algemene kenmerk van de eenheidsleraars is oorvereenvoudiging van enkele stellings uit die Skrif sonder inagneming van die geheelbeeld; daardeur beland 'n mens in eindelose doodloopstrate. Die gevolg is wie weet hoeveel skakerings van interpretasie onderhulle eie geledere.

Die sogenaamde openbaring aangaande die eenheid van die godheid is niks nuuts nie. In die vroeë kerk was Sabellius en Arius die vernaamste eksponente daarvan. Met die uitstorting van die Heilige Gees aan die begin van hierdie eeu het sommige broers die Matt. 28:19 doopsformule gebruik, terwyl andere weer Hand. 2:38 as korrek beskou het. Aanvanklik het dit nie veel stryd veroorsaak nie totdat sommige een-naam dopers beweer het dat hulle 'n spesiale "openbaring" aangaande die doop ontvang het. Dit was naamlik dat die Naam van die Vader is Jesus. Die Naam van die Seun is Jesus en die Naam van die Heilige Gees is Jesus. Daarmee wou hulle Matt. 28:19 met Hand. 2:38 versoen. Maar hull het selfs verder gegaan en dogmaties beweer dat tensy 'n persoon gedoop word in die Naam van Jesus Christus hy sy saligheid

daar deur kan verbeur.
Verskeie onkundige persone wat reeds gedoop was, het hulle deur oppervlakkige redenasies laat oordoop. Nadat sommige die sogenaamde openbaring met die Skrif vergelyk het, moes hulle maar weer van vooraf besin.

Hulle het egter nie veel vordering gemaak nie, en maak tans slegs sowat een twintigste deel uit van Pinkster in die wereld.

Nee, hierdie is geen goddelike openbaring nie, maar 'n ernstige dwaalleer wat eenvoudiges in verwarring bring.

Hierdie boekie is nie bedoel as 'n uitputtende studie van die onderwerp nie, maar 'n kort praktiese handleiding om opregte soekers na die waarheid te help.